# ECHO OF HIS CALL

## EGGO VAN SY ROEP

AFRIKAN

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

REACHING NATIONS

Published monthly in ENGLISH, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, KANNADA, MARATHI, BENGALI, GUJARATI, ODIYA, ASSAMESE, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINHALA & AFRIKAN

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ

- In 16 Tale

Vol. XVI | JUNE 2023 | No. 12


### DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

**Psalm 47:1-9**

1. Vir die koorleier. Van die Koragiete. 'n Psalm
2. Al julle volke, klap julle hande; juig tot eer van God met 'n jubelende stem,
3. want aan die Here, die Allerhoogste, kom eerbied toe; Hy is die Groot Koning oor die hele aarde:
4. Hy het volke aan ons onderwerp en nasies aan ons onderhorig gemaak;
5. Hy het ons besitting vir ons uitgekies, die pragtige land van Jakob, wat Hy liefhet. Sela
6. God gaan op na sy tempel toe onder gejubel, die Here gaan op terwyl die ramshorings blaas.
7. Prys God, prys Hom met psalms, prys ons Koning, prys Hom met psalms!
8. God is koning oor die hele aarde; sing vir Hom 'n lied.
9. God is koning oor die nasies, God is op sy heilige troon.

# VERWELKOM DIE NUWE SEISOEN OF SIEN DIT AS 'N VERSTEURING

*Suster Angeline Selvakumari*



Die boek Josua lui die begin van 'n nuwe era in, 'n nuwe seisoen in die lewe van die Israeliete. Na die dood van een van die grootste leiers in die geskiedenis van Israel, was Josua ingelyf as die opvolger van Moses en hy moes groot skoene volstaan. Dit was nie vir hom 'n maklike roeping om te aanvaar nie. 'n Mens kan jou nie voorstel wat deur sy gemoed gegaan het nie, selfs al was hy gevorm en opgelei deur Moses. Hy het eerstehands gesien hoe die Israeliete hulle gedra het en vir Moses behandel het, en wat met Moses op die einde gebeur het. Dit het hom seker tot in sy diepste verskrik. Maar Moses het hom die hande opgelê en bevestig om die leisels op te neem. Deuternonomium 34:9 sê:

Josua seun van Nun het oor wysheid beskik, want Moses het sy hande op Josua gelê. Die Israeliete het hom gehoorsaam en hulle het gedoen wat die Here vir Moses beveel het.

*....verv. op.bls. 3*




**Echo of His Call**

*YouTube Christian Channel !*

**Jy sal die geleenteheid kry om saam met Pr. S. Sam Selva Raj te bid!**

**Message & Prayer in 5 minutes!!**

**English, Hindi, Tamil & Telugu**

**Every day – 5.00 A.M.**

**Tamil Sunday Service – 8.30 A.M.**

# ECHO OF HIS CALL - (1969-2019 GOLDEN JUBILEE YEAR)

ECHO OF HIS CALL 1969-2019 REACHING NATIONS

## van julle geliefde broer...





**Ons Sendingopdrag**

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.


**CHIEF EDITOR**
Angeline Selvakumari Henry, M.A., M.Ed.
**MANAGING EDITOR**
Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.
**ADMINISTRATION**
Bro. N. Prakasam, M.A., General Manager
**EDITORIAL BOARD**
Sis. Jesy Veena Sam
Sis. Serena Bevin, M.A., M.Phil., B.Ed.
Dr. A. Richard Samuel, M.A., Ph.D.
Rev. Dr. K.R. Rajasekaran
**EDITOR, PUBLISHER & PRINTER**
Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 95661 31858
**CORE LEADERS**
Bro. K. Puratchivendan
Dr. Rabinder Boaz, M.S.
Bro. A. Edward Durai
Bro. A. Alvin
Bro. K. Abraham
Sis. Dhanalakshmi Chinnaiah
**E.mail ID**
sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in
**WEBSITES**
www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.com
**YOUTUBE CHANNEL**
Echo of His Call


**"... maar hy wat op die Here vertrou - met goedertierenheid sal Hy hom omring"** - Psalms 32:10

Geliefde vriende in Christus,

Vrede vir julle! Mag julle almal goed lewe en vermenigvuldig. Ons is julle gebedsondersteuners. Lees asseblief hierdie artikel tot die einde.


God het ons geseën. Hy het die nodige gesondheid gegee, die krag, die beskerming en bemoediging, en Hy hou wag oor ons. Die Here Jesus Christus is goed. Mag Hy altyd by julle wees.

### Belangrike inligting om in gedagte te hou!

1. Elke aand 10 uur is dit ons Gebedstyd. Ons vra dat jy 10 nm. sal bid, waar jy ook al is in enige stad of omgewing. Bid vir kinders, jong mense, mans en vroue wêreldwyd wat ons volgende generasie is. Ons noem hierdie bediening **Global Vision for Youth and Kid Care (Wêreld visie vir Jeug- en Kindersorg).** God seën baie seuns en dogters deur hierdie bediening. Jy kan die inligting volg op die **Echo of His Call YouTube Kanaal** en God prys in die toekoms. **Skryf gerus in op hierdie YouTube kanaal** sodat jy kan luister na die getuienisse, gebedsversoeke en kort boodskappe. Stoor ook ons WhatsApp nommers +91-98410 71858 and +91-98412 71858 wat ons gebruik permanent op jou foon. Dankie.

2. Elke oggend 5 uur is daar ook 'n vyf-minuut Godboodskap en gebed op die **Echo of His Call YouTube kanaal**. Pastoor S. Sam Selva Raj en Pastoor Alex Samson Sam preek hierdie boodskappe. Hulle is beskikbaar by WhatsApp nommers +91-98410 71858 and +91-98412 71858. As jy hierna kyk kan jy direk saam met ons bid. Baie mense oor die wêreld kyk elke dag en word geseën daardeur. Stoor net die nommers permanent op jou foon. Dit is baie belangrik.

3. Ons dorp se Hoërskool, **St. Paul Matrikulasie Skool** funksioneer goed. Daar is vaardige en geestelik volwasse leerkragte. Ons het goeie studente en onderwysers nodig. Onthou tog om te bid vir die skool se groei.



*St. Paul's Matriculation School Staff*

4. Ons **Nehemia Bybel Kollege** bied kursusse aan in Hindi (Voltydse kursus) en Tamil (Aand-kursus). Ons het baie goeie lektore vanaf Chennai wat hier klasgee. Ons kort studente met goeie visie om die Here te dien. Klasse vir die volgende



***Nehemiah Bible College Meeting***

akademiese jaar 2023-2024 begin op die 5[de] Junie 2023. Daar is nou omtrent 30 studente gereed om af te studeer en sendingveld toe te gaan.

**Nehemia Bybel Kollege** vier sy 24[ste] Gradedag op 3 Junie 2023.

5. Somer Bybelskool vir kinders is op baie plekke gedoen verlede maand (Mei 2023).

6. Ons Here se hand rus op ons **Echo of His Call maandelikse tydskrif** wat in 16 tale uitgegee word. Sy hand rus ook op ons Kerke, Korrespondesie Bybelkursusse, Evangelie Drukpers, Kinderbediening, Jeugbediening, Hospitaalbediening, ens. Ons kan baie dankbaar wees teenoor ons God vir al hierdie bedieninge.

God het hierdie groot wêreld in ons hande gegee om met die Evangelie te bereik. Ons benodig heelwat dienaars van God met hierdie visie, en ook baie mense van God wat hierdie bediening geldelik kan ondersteun.

Bid asseblief vir ons. Daar is baie geestelike aanvalle. Maar God gee vir ons die oorwinning. Ons bid ook vir julle.

Mag ons liefdevolle Here Jesus Christus julle almal seën. Amen.

Julle dienaars in Christus Jesus,

PS. S. SAM SELVA RAJ & ALEX SAMSON SAM.
(+91) 98412 71858 / 98410 71858,
Epos: sam@echoofhiscall.org

*verv. v. bls. 1*

Maar selfs dit laat my nie dink hy was moedig genoeg nie, en daarom moes God hom gereeld herinner in die eerste hoofstuk: "Ek self gee jou die opdrag. Wees sterk, wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, ... Ek sal by jou wees soos Ek by Moses was."

God roep sommige van ons na 'n nuwe seisoen in ons lewens, ons bedienings. Ja, die oue is goed, maar ons moet begin om die *nuwe seisoen van ons lewe te omhels.*

Ek kan aanvoel sommige sê ek is byna by die einde van my lewe, waar is die Nuwe Seisoen in my lewe? Barsillai was 80 jaar oud toe hy vir Dawid begin ondersteun het (2 Sam 19:32). So, as jy gewillig is, kan God jou in 'n Nuwe lewensseisoen inlei.

Omhelsing van 'n Nuwe Seisoen vereis dat ons van sekere dinge in ons lewens moet afsien. As ons vashou aan die oue kan ons dalk nie God volle seën beleef wat saam met die Nuwe Seisoen sal kom nie.

## BAIE DRINGENDE AANKONDIGING!

Weens ongunstige omstandighede kon baie Christelike tydskrifte nie uitgegee word nie. Hierdie situasie kan ook met ons tydskrif **Echo of His Call** gebeur. Ons stuur ons tydskrifte na harde werk en groot moeilikhede. Maar ons verstaan dat pospersoneel dit nie getrou aflewer nie. En self na aflewering lees sommige ontvangers dit nie.

Dus, as jy graag die **Echo of His Call** tydskrif wil ontvang en dit gretig lees, stuur dan asseblief dadelik vir ons jou korrekte adres, selfoonnommer en e-posadres per telefoon, of WhatsApp of teksboodskap of e-pos of gewone pos. Ons sal 'n manier kry om die tydskrif te stuur. As ons nie jou jongste adres en besonderhede kry nie, kan ons dalk nie die tydskrif vir jou stuur nie. Maar ons wil onder geen omstandighede kontak of verhouding met jou verloor nie. Werk asseblief saam hiermee.

Our address:
**Echo of His Call**
10, Mohammed Abdullah 2[nd] Street, Chepauk. Chennai – 600 005.
Mobile No : +91-98410 71858, +91-98412 71858
Telephone No. (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
E-mail : sam@echoofhiscall.org / echosamselvaraj@gmail.com.
YouTube Channel: Echo of His Call.

## 1. NUWE SEISOEN!

Josua 1:2 begin so: “Moses my dienaar is dood. *Maak jy nou gereed en trek deur die Jordaanrivier,* jy en hierdie hele volk.”

Ek wil graag 'n paar woorde hier uitlig voordat ek dieper delf in die onderwerp.

My dienaar Moses is dood. Die oue is weg. En die vers sê “**NOU**”. Dit is tyd vir 'n nuwe seisoen. Nou is dit tyd vir jou om te omhels wat God vir jou reg het in die volgende seisoen van jou lewe.

Nou is dit vir jou die seisoen om jou bediening na nuwe hoogtes te vat.

Dit is nou die seisoen van God se guns vir jou gesin, jou kinders, en jou huishouding.

Dit is nou tyd ... nie later nie ... maar die vraag is, is ons gewillig en in staat om die NOU te gryp!!!

## 2. MAAK GEREED!

Die volgende woord wat my aandag getrek het in hierdie vers is God wat vir Josua sê om gereed te maak. Ons huiwer dikwels om die eerste stap te neem. As ons nie iets tasbaars sien nie, wil ons nie beweeg nie. Ek weet nie hoeveel van julle wat hier lees wag vir God om julle na die volgende seisoen te neem nie, wag vir sy antwoord om die volgende stap te neem.

Liewe Vriende, dit is nou die seisoen! Die vraag is net: is jy gereed om dit te omhels? Ons moet onsself toerus met geloof om vorentoe te stap. Dink na oor wat jou terughou! Jy het net God se belofte nodig. Moenie eers dink aan beweeg sonder sy Woord nie, maar as Hy sy Woord gegee het, sy belofte, moenie huiwer nie. Vat die stap. Ons lewens is kort, net wat vir God gedoen is, sal bly staan. Waarvoor wag jy, dis nou tyd om **gereed te maak om te gaan.** Sodra jy besluit om te verskuif en die stap te neem, sal dinge vir jou in plek val. Ons lees in Josua 3:13

“Wanneer die voetsole van die priesters aan die Jordaan se water raak, die priesters wat die ark van die Here dra, die Here van die hele aarde, sal die water van die Jordaan wat afkom, afgesny word en op een hoop gaan staan.”

Sodra jy besluit om die eerste tree te loop, sal die rivier, die hindernis wat voor jou is, padgee. So, is jy gereed?

## 3. GAAN OOR!

God het vir Josua gesê: Nou is die tyd, maak gereed ... om oor te gaan.

Nou, oorgaan is 'n proses. Dit is nie 'n eenmalige gebeure nie. Jy sal deur sekere omstandighede moet gaan, onbekende paaie, en soms sal dit nie sin maak nie. Vir die Israeliete het God gesê: “Steek die Jordaanrivier oor.” Hoe kan hulle dit doen? Vir 'n mens se verstand maak dit nie sin nie. My liewe vriende, wanneer God 'n belofte gee moet jy deur jou geestelike oë kyk, nie met jou menslike oë nie. As ons deur natuurlike oë kyk sal ons nie ver kan sien nie ... net water, golwe wat aankom en die oewer tref. Die aanstormende water kan ons bevrees laat. Dan is daar geen manier om die rivier oor te steek nie. Maar as ons met geestelike oë kyk, sal ons kan sien wat God kan doen, ver bo ons verbeelding. Efesiërs 3:20 is een van my gunsteling verse in die Bybel. Dit word gesê verbeelding is een van die besonderste gawes van God aan die mensdom. Jy kan jou enigiets verbeel, enige tyd. Daar is nie perke vir jou verbeelding nie, en dan sien

....verv. op.bls. 6


**NEHEMIA RESIDENSIëLE**
**BYBELKOLLEGE, TSJENNAI**

**Bid asb. vir**

**Medium : Hindi**

*Geregistreerde Kandidaat vir Lidmaatskap*
Asia Theological Association (ATA)
**Erken deur Internasionale Christenleiers &**
**Senior pastore vir die afgelope 53 jaar**

**Sertifikaat in Teologie : Een Jaar**
**Diploma in Teologie : Twee Jaar**

**Kwalifikasie: 10de Standerd (Graad 12) of hoër**
**HAAS JOU VIR TOELATING!**

**Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.**
10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org
✶ AANLYN KLASSE IS BESKKIKBAAR ✶

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

## GEBEDSPUNTE - 2023 Junie 19 Tot 2023 Julie 18

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

### Prys God vir ...

**Junie 19** ➲ Seën op ons **Nehemia Bybel Kollege Gradeplegtigheid** gehou op 3 Junie 2023 op 'n wonderlike manier.

**Junie 20** ➲ Sy seën op ons **Nehemia Bybel Kollege** Alumni-viering gehou op 10 Mei 2023.

**Junie 21** ➲ Vir sy seën vir Eerw. Paul Ebenezer wat by **Nehemia Bybel Kollege** kom werk het as Akademiese Adviseur.

**Junie 22** ➲ Sy hulp om die **Wêreld Visie vir Jeug- en Kindersorg**-bediening te begin om te bid vir jongmense en kinders wêreldwyd saans om 10.00 elke dag.

**Junie 23** ➲ Dat Hy ons geseën het met toegewyde Hulpredakteurs wat help om ons **Echo of His Call** tydskrif in 16 tale betyds uit te gee elke maand.

**Junie 24** ➲ Seën op ons pogings om studente te kontak vir Voltydse en Aandklasse by die **Nehemia Bybel Kollege.**

**Junie 25** ➲ Sy seën op ons toegewyde Tydskrif-bediening sedert 1969.

**Junie 26** ➲ Seën op die pogings van die kantoor- en skoolpersoneel om nuwe studente te kry vir die **St. Paul Matrikulasie Skool.**

**Junie 27** ➲ Die gebeds- en finansiële ondersteuning van ons weldoeners.

**Junie 28** ➲ Sy seën dat ons Voltydse en Aandklas **Nehemia Bybel Kollege** en **St. Paul Matrikulasie Skool** hulle akademiese jaar 2022-23 suksesvol kon afsluit.

**Junie 29** ➲ Die seën van leiers en gelowiges van **Echo of His Call** se Hoof Kerk en dogtergemeentes.

**Junie 30** ➲ Sy seën op die Vakansie Bybelskool gelei deur ons Hoof Kerk en dogtergemeentes.

**Julie 01** ➲ Ons Gebedsondersteuners, Intekenaars, Geloofsgenote, Lewensondersteuners en Groot Opdragvennote en gesinne.

**Julie 02** ➲ Sy seën op ons Echo of His Call YouTube-boodskappe in Tamil, Telugu, English en Hindi-tale.

**Julie 03** ➲ Dat Hy ons arbeid sover om hierdie onderneming te bedryf baie vrug laat dra het.

### Bid asseblief vir ...

**Julie 04** ➲ Dat die politieke onrus in die Afrikaland Sudan sal bedaar.

**Julie 05** ➲ Vir sy genade om ons Senior Pastoor te lei met die skryf van sy outobiografie.

**Julie 06** ➲ Vir God se volgehoue beskerming van ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesinslede teen alle bose magte.

**Julie 07** ➲ Vir herlewing onder alle Kerkdenominasies wêreldwyd.

**Julie 08** ➲ Dat God meer toegewyde werkers sal voorsien vir **Echo of His Call Ministries**.

**Julie 09** ➲ Vir die uitroei van nuwe COVID-variante en ander aansteeklike siektes.

**Julie 10** ➲ Dat meer mense sal aansluit by ons Wêreld Visie vir Jeug- en Kindersorg bediening om te bid vir jongmense en kinders van ons tyd.

**Julie 11** ➲ Vir Goddelike leiding aan ouers in die opvoeding van die jeug en kinders in hul gesinne.

**Julie 12** ➲ Vir Goddelike beskerming van sendelinge wat die Evangelie bedien in afgeleë gebiede onder onbereikte mense.

**Julie 13** ➲ Vir toelating van verdienstelike studente vir ons Voltydse en Aandklas **Nehemia Bybel Kollege** vir die 2023-24 akademiese jaar.

**Julie 14** ➲ Vir toelating van nuwe stuente vir ons **St. Paul Matrikulasie Skool** vir die 2023-24 akademiese jaar.

**Julie 15** ➲ Vir kinders en jongmense wat gered is deur die wêreldwye Vakansie Bybelskool klasse.

**Julie 16** ➲ Vir die bevryding van kinders en jongmense wat verslaaf is aan dwelms en wat ongereeld is by Kolleges en Skole.

**Julie 17** ➲ Vir volle finansiële voorsiening vir hierdie maand.

**Julie 18** ➲ Vir bevryding van mense oral in die wêreld wat geraak word deur terminale siektes en depressie.

*verv. v. bls.4*

ek in Efesiërs wanneer God sy kinders wil seën, wanneer Hy wil volvoer wat Hy wil in die lewe van sy kinders, dan daag Hy selfs daardie verbeelding uit, want Hy is perkeloos, tydloos, eindeloos.

"Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, ..." Efesiërs 3:20.

Hy sê Hy kan meer doen as dit. AMEN! Dit is die krag van Jesus Christus. As jy nog nie het nie, gee Hom nou 'n kans en sien wat Hy vir jou kan doen. As jy net glo en Hom vra, kan Hy meer doen as wat jy jou kan verbeel.

Wanneer God jou vra om iets te doen, selfs al lyk dit sinneloos, doen dit net. Want Hy is God wat meer kan doen as wat jy kan vra of verbeel. En hoekom dan nog huiwer? Die boek Job sê dit so mooi: "Wat God doen, is groot en ondeurgrondelik, wonder op wonder." Job 5:9.

Al wat ons moet doen is gereed maak om te gaan na die land wat God wil gee. Nou is dit tyd om te gaan na die plek waar Hy beloof het om jou te vat. Moenie na die omstandighede kyk nie, die geldelike status, familie agtergrond, kwalifikasies, ondervinding, gesondheid, ouderdom, geslag ... ons God is 'n God wat verby al hierdie dinge kan werk. Al wat van belang is, is ons GEREEDHEID NOU!

Ek weet waar ek staan en waarheen God my wil neem, maar wat stop my om van punt A na punt B te gaan terwyl ek goed weet dit is waar ek wil gaan? Hiervoor wil ek ons aandag vestig op Matteus 13. 'n Baie bekende Sondagskool storie, die storie van die Saaier. 'n Man gaan uit en saai saad, en ons weet dit val in vier verskillende omgewings. As ek vra watter soort grond jy is, sal die meeste sê goeie grond. Dit is ten minste wat ons wil wees. Dit kan ons verwagting wees, maar die werklikheid kan verskil. Net ons lewe en ons vrug sal die regte antwoord gee. Daar is altyd 'n gaping tussen verwagting en werklikheid. My 12-jarige seun is 'n goeie rugbyspeler. Ek dank God daarvoor. Maar toe hy 6 was en begin speel het, was ek by een oefengeleentheid. My seun het die bal geskop en opgekyk om die bal te volg. Hy kon dit nie te sien kry nie, maar toe sien ek die bal het net 'n paar sentimeters beweeg. Ek het nie geweet wat om te doen nie. Hy het my met 'n groot glimlag gevra: "Het Mamma my skop gesien?" Ek het nie geweet of ek hom reguit moes vertel dat hy die bal skaars geskop het nie, en of ek hom net moes ondersteun en iets bemoedigends moes sê nie. Op laas doen ek toe wat mammas doen: "Seun, wat 'n wonderlike skop. Wow!" Ek kon sy glimlag sien, 'n kosbare glimlag. Hahaha! Sy verwagting het verskil van die werklikheid.

Net so wil ons almal goeie grond wees. Eer God! Maar wat is die werklikheid? Net jy kan jouself antwoord.

Matteus 13:3-4 sê: "... Met die saai het 'n deel van die saad op die pad geval, en die voëls het gekom en dit opgepik."

In vers 19 verduidelik Jesus die gelykenis vir sy dissipels:

**"Die Bose kom by elkeen wat die woord van die koninkryk hoor maar dit nie verstaan nie, en vat dan weg wat in sy hart gesaai is. Dit is hy by wie daar op die pad gesaai is."**

Ek wil fokus op twee punte in hierdie vers – mag God ons help verstaan wat ons verhinder om te kom waar Hy ons wil hê.

Toe Jesus die eerste soort grond verduidelik, sê Hy: "Die bose kom en vat die Woord weg ..."


## NEHEMIA AAND-BYBELKOLLEGE, TSJENNAI

**Bid asb. vir**

**Medium : Tamil**

Geregistreerde Kandidaat vir Lidmaatskap
Asia Theological Association (ATA)
Erken deur Internasionale Christenleiers &
Senior pastore vir die afgelope 53 jaar

**Sertifikaat in Teologie : Een Jaar**
**Diploma in Teologie : Twee Jaar**

**Kwalifikasie: 10de Standerd (Graad 12) of hoër**
Haas jou vir toelating!

**Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.**
10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, BELLS ROAD, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org

Voordat God se Woord effek kan hê in ons harte en lewens, kom gryp die bose dit weg. Hoe gebeur dit in werklikheid?

Kom ek vertel 'n storie, 'n verbeelding-storie. Satan het eendag 'n oopdag gehad vir al sy gevalle engele om sy gereedskapstoor te besoek en enigiets te koop wat mense van God se wil kan vervreem. Elke gereedskapstuk het 'n prys gehad. Daar was moord, jaloesie, steel, uitstel, leuens, ens. Maar daar was twee baie duur items, al was dit baie klein. Wat dink jy is die kragtigste gereedskap wat die satan gebruik in ons lewens? Ontmoediging en afleiding.

**Afleiding** is een van die sterkste wapens van die satan wat ons kan laat afwyk en keer dat ons God se plan vir ons lewens uitvoer. Ons moet onthou dat as ons nie gereedmaak om God se wil te doen nie, ons dan in der waarheid besig is om die satan se plan uit te voer. Met ander woorde, as jy nie in God se wil is nie, is jy in die satan se wil. Ek weet dit is moeilik om te aanvaar.

Jy mag dalk selfs besig wees met bediening, maar die vraag is of jy dit doen volgens God se wil? Doen jy dit vir God of saam met God? Dis die vraag wat ons moet vra. Dikwels, myself ingesluit, dink ons dat wat ons ook al doen is God se wil in ons bediening. Dis nie waar nie. Dis verkeerd. As jy nie God se wil verstaan nie, moenie iets nuuts begin nie. Vra vir God 'n belofte en begin eers dan.

Die ding wat ons wegvat van God se wil is AFLEIDING. Afleiding kom nie altyd maklik herkenbaar nie. Die satan is slim, onderduims, skelm. Hy lei jou weg op 'n manier wat jy moeilik kan weerstaan.

Kom ons kyk na Geneis 3:6. Die Bybel sê toe Eva die vrugte sien was dit **mooi om na te kyk**.

"Toe besef die vrou dat die boom se vrugte goed is om te eet en mooi om na te kyk en begeerlik omdat dit kennis kan gee."

Dit was **lekker** om die vrugte te sien. Aangenaam, pragtig, smaaklik, heerlik, en bowenal, sy wou wysheid bekom. Is enige hiervan sleg? Lyk dit of enige daarvan van die satan kom? Is dit nie wat elkeen graag wil hê nie? Lyk dit soos afleiding of VERLEIDINGS?

Wat is verkeerd met pragtig, smaaklik, genotvol, bevredigend, en om wysheid te wil hê ...? Hoe kan dit jou fokus weglei?

Maar ons sien dit was tog 'n afleiding – dit het gelei tot die val van die hele mensdom. Onthou altyd, afleidings is gewoonlik baie aanloklik, kleurvol, en 'n plesier vir die oog. Dit sal waarlik goed wees. Maar tog, as enigiets jou verlei om jou fokus op God te verloor, moet jy waaksaam wees!

Jy weet as jy reken hierdie is my sterkste punt, wees dan versigtig, dit is die plek waar die satan jou die hardste tref. Petrus het gesê hy sal selfs vir Jesus sterf. Hy het gedink dit is sy sterk punt. Hy het gedink sy liefde vir Jesus is so sterk dat niks hom daarvan kan weerhou nie. Maar Jesus het dadelik vir hom gesê hy sal Hom drie keer verloën voor dagbreek.

Liewe vriende, dink bietjie na oor waar jy dink jy so sterk is. Bid oor jou lewe, elke aspek van jou lewe, jou kinders, jou familie, jou werk, jou bediening, jou roeping, en jou salwing ... Ons het God se krag nodig vir elke tree, anders word ons AFGELEI en verloor wat God vir ons gegee het.

Dit is omdat die satan gedurig rondloop soos 'n brullende leeu wat

*....verv. op.bls. 9*

## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

### Ons bankbesonderhede:

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: miemie60h@gmail.com**

**SIS. ELBINA SMITH**
**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST, JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)

"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15

## DIE HERE WAT ONS BEGEERSTES VERVUL!

...want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer. Filippense 2:13.



Toe ek so 18 jaar oud was, het ek gesien hoe my pa, sy broers en hul gesinne gereeld gesing en God aanbid het in die Kerk, en ek het in 'n beperkte mate meegedoen. Ek het ook geleer om musiekinstrumente te speel, soos die Harmonium.

Met behulp van die span **Good News Prayer Band** wat ek gestig en gelei het, het ons 'n koor saamgestel en musikante met instrumente. God het my gehelp om die Goeie Nuus van Jesus Christus in baie dorpies te versprei. As 'n span het ons God se boodskappe, getuienisse en liedere versprei. Die belangrike persone in die groep was broer Wesley Devadasan (nou Herald of His Coming), Eerw. John Rose Kamalam (nou C.S.I. Madurai Senior Pastoor), violis broer David Reginald (onderwyser), Eerw. Paulus (C.S.I. Pastoor), mnr. Jayachandran (A.O.G. Pastoor), en mnr. Jeyananda Paulmony (onderwyser).

Ek het gewoonlik my groot en swaar harmonium op my skouers gedra na die dorpe, markpleine en langs die paaie. Ek het liedjes gesing, my getuienis gegee en God se Woord vertel in hierdie plekke. Ek het duisende evangelie traktate versprei. Dit alles het ek graag en heelhartig gedoen. Ek het selfs myle ver alleen geloop en my harmonium gedra en die evangelie van ons Here Jesus Christus gedeel met alle soorte van mense, ongeag hulle godsdiens.

Wanneer ek vandag die plekke besoek waar ek Christelike liedere gesing het, my harmonium gespeel het toe ek 'n jong seun was, is ek verras. Oral waar ek gepreek het en traktate versprei het, kon ek nou verskeie Kerke sien en 'n groot groei in Christen getalle. Ek onthou die tye toe mense my gespot het omdat ek nie kwalifikasies of status in die gemeenskap gehad het nie.

Tyd het verloop. God het my algaande opgehef. Hy het my geseën met goddelike wysheid, mense se ondersteuning en finansiële status. Hy het my ook geseën met 'n trekklavier, 'n baie duur musiekinstrument in daardie dae. Ek het nie geld gehad om dit te koop nie, maar 'n vriend, mnr. M. Padmanaban, van Vandavasi, het sy vrou se trouketting (Thali) verpand en die geld vir my gegee om dit te koop. My jonger broer, mnr. S.Bijili Samraj het ook hiermee gehelp.

So het my Heer my ook bemagtig om sy Woord te preek op TV en nou ook op die YouTube-kanaal. My boodskappe is in Tamil, Engels, Hindi en Telugu. God het baie sangers en musiekinstrumente gegee om my te ondersteun. Hy het die Hoofkwartier Kerk voorsien om my te aanvaar en te ondersteun. Die Here Jesus Christus het ook verskeie ander Kerke en groepe in my bediening voorsien.

Liewe lesers, ek is seker julle wil ook iets vir God doen. Begin sommer dadelik. Jy mag dalk nie mense se ondersteuning of finansies hê nie. Maar as jy daarop fokus, sal jy 'n weg vind! Moenie uitstel nie! Begin vandag! Doen dit nou!!

"want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer" (Filippense 2:13).

***

*verv. v. bls.7*

soek om te verslind. 1 Pterus 5:8 sê: "Wees nugter, wees wakker, waaksaam.

Die Boodskap-vertaling sê dit so: "In die geestelike stryd moet julle op en wakker wees. Julle het 'n gevaarlike vyand, die duiwel. Hy loop rond soos 'n honger leeu wat iemand soek om te verskeur."

Ek wil jou ligweg aan die skouer vat en sê: Word wakker, dit is jou wekroep. WEES WAAKSAAM! WEES VERSIGTIG, DISSIPLINEER JOUSELF. Stop alles en fokus net op God vir die volgende paar dae of weke. Vra Hom om met jou persoonlik te praat en te openbaar wat Hy wil dat jy moet doen. Vas en bid tot jy duidelikheid het hieroor. Want die satan wag om jou te verlei. Of dalk het hy reeds afleidings vir jou opgestel ... Kom nou, liewe broers en susters, ons moet fokus.

Dit is my innige gebed, veral in die laaste dae, dat ons almal nie sal weggly van God se plan vir ons lewens nie. Want onthou, as ons nie doen wat God wil nie, dan doen ons wat die satan wil.

Ek wil jou wys hoe kragtig hierdie **afleidings** kan wees in ons lewens, veral onder diegene wat sê hulle het God lief. Die Bybel sê God wil graag vir Israel seën. Niemand kan hulle vervloek nie. Geen duistere magte, toorkuns of boosheid kan iets uitrig teen God se kinders nie; dit sluit jou en my in. Maar daar is iets wat verwoesting, verwarring en vernietiging in ons lewens kan bring, en net een het die mag om dit te laat gebeur, en dit is ONS.

Kom leer dit uit God se Woord. Toe die koning van Moab die Israeliete wou vervloek, het hy Bileam laat kom daarvoor. Maar hy het gesukkel daarmee en hulle toe net telkens geseën. Koning Balak van Moab was erg ontsteld daaroor en het baie kwaad geword. Uiteindelik gee Bileam toe raad: hy sê hulle is God se mense, en Hy wil hulle seën. So, jy kan hulle op geen manier vervloek en vernietig nie. Maar daar is 'n manier om hulle te laat val: gee vir hulle 'n afleiding ... dit sal God se woede laat opvlam, en dan vernietig Hy hulle.

**... en deur die toedoen van Bileam was juis húlle die oorsaak dat die Israeliete by Peor ontrou was aan die Here en daar 'n ramp oor die volk van die Here gekom het!** Numerie 31:16.

Bileam se advies was om Moabitiese vrouens na die Israeliete te stuur. Hulle sal seksuele gunste aanbied vir die mans. Maar die voorwaarde was dat hulle die Moabiete se gode moet aanbid. Dit was Baäl Peor of die "heer van die opening". Die Moabiet vroue stem dan in om "oop te maak vir hulle" as die mans saam met hulle aanbid.

Bileam het die swakplek van die Israelitiese mans geken, en meer nog, hy het ook geweet hoe God voel oor aanbidding van enige ander God as net vir Hom. Hy is 'n jaloerse God, 'n verterende vuur. Hy laat nie toe dat ander gode vereer word of dat hulle Hom vervang nie. Bileam se advies was dus om 'n verleiding te voorsien, wat hulle nie net van God af sal laat afdwaal nie, maar ook God se toorn oor hulle sal aanwakker.

*Liewe vriende, ek weet nie wat se omstandighede jy deurgaan nie, of waar jy jou in jou lewenstog bevind nie, maar wees versigtig vir die afleidings. Dit sal altyd aangenaam voorkom, mooi, vreugde in jou hart gee. Maar dit sal jou laat fokus verloor op wat God vir jou in die oog het. Loop liewer weg! Vra God vir sterkte daarvoor.*

Geliefde Lesers!
Kontroleer en merk asseblief die volgende en stuur vir ons. **Echo of His Call!** sal vir jou 'n geskenk stuur.

1. Het jy vandag gebid vir **Echo of His Call Ministry**? Ja ☐ Nee ☐
2. Ontvang jy graag **Echo of His Call!** gereeld? Ja ☐ Nee ☐
3. Sal jy graag 'n paar lesers werf vir **Echo of His Call!**? (Jy hoef nie geld in te samel nie) Ja ☐ Nee ☐
4. Watter onderwerp geniet jy die meeste? Hoof-artikel (Boodskap) ☐ of die Redaksionele kolom ☐ (of) Put tot Paleis ☐
5. Het jy ons WhatsApp-nommer gestoor? Ja ☐ Nee ☐
6. Het jy ingeskryf vir **Echo of His Call YouTube Kanaal**? Ja ☐ Nee ☐
7. Kyk jy die kort boodskappe op ons YouTubeKanaal? Ja ☐ Nee ☐
8. Kyk jy ons 5 minute boodskappe in Engels, Hindi, Tamil en Telugu op ons YouTube Kanaal? Ja ☐ Nee ☐

Sny asseblief hierdie deel uit en stuur dit behoorlik ingevul vir ons. Ons sal vir jou daarvoor 'n geskenkie stuur!!

RNITCNO.TNAFR/2007/21215, Postal Regn.No.TN/CH/(C)/127/22-24

*Veral jong mense wanneer dit kom by huwelike – wees versigtig. Trou is nie om 'n siel te wen nie. Moenie in 'n ongelyke juk trek nie. Jou geloof en visie moet ooreenstem met jou maat s'n. Anders is dit 'n lewenslange stryd.*

*Ek bid dat God elkeen wat hier lees sal help om die verleidings te kan onderskei, en dat Hy ons sal help om dit te vermy sodat ons die nuwe seisoen vir ons lewens kan omhels.*

*Moenie opgee nie, begin beweeg vorentoe!*

*God kan meer doen as wat jy kan vra of droom. Omhels jou nuwe seisoen.*

*Mag God julle almal seen!*

************

## Bid asseblief

### ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL

Die Engelse Christen-Hoërskool wat Echo of His Call bedryf vir arm en weeskinders. Ons het borge nodig vir 200 kinders @ R200 per kind. Ons vra borge. Jy kan jou donasies na ons bankrekeninge in Suid-Afrika stuur.

**Onderrig van Gehalte!**
**Geestelike opleiding!!**

**Van kleuteronderrig tot Gr.10**

Kontak:

**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.**
Telefoon : (+91-44) 2852 8282
Sel : (+91) 98410 71852
E-pos : sam@echoofhiscall.org

# ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org) **Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

**ECHO OF HIS CALL**

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.com

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

**Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215**
**Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/22-24**
**Date of Publication: First week of every month**
**Date of Posting : 3rd & 4th of every month**
**Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel"**
**on 5th JUNE 2023**

**If un-delivered please return to:**
**ECHO OF HIS CALL**
**P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.**
**Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766**

***JESUS HET JOU LIEF!***

**To**

***GOD SEËN JOU!***

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by **S. Sam Selva Raj** at **Echo of His Call Printers**, New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**